


Groet en hoor hoe dit met almal gaan.

- Hoor by almal hoe hul in die afgelope week dit kon oefen om meer vanuit hul identiteit te leef as prestasie.

Die week se tema is **KARAKTER**: kan mense die tema van jou lewe raai?
Hier is twee ligter vrae om die tema mee in te lei - jy kan een of albei vra vir die groep:

- As mense jou moet beskryf in 3 woorde, wat dink jy sal hulle sê?
- Wat is een karaktereienskap wat jy by iemand baie respekteer?

> Karakter is wanneer jou lewe begin wys wat jy glo.
>
> Of soos die reeks sê:
> 'n Goeie aksiepakkie is een waar mense die tema kan raai.

Die wêreld sê: "Werk aan jou voorkoms."

Die Bybel sê: "Werk aan jou karakter."

- Hoekom dink julle is karakter uiteindelik belangriker as voorkoms?

NT Wright het 'n boek genaamd AFTER YOU BELIEVE waar hy praat oor die belang van christelike karakter.
Hy sê baie Christene fokus op:

- hoe om gered te word, of

- wat ná die dood gebeur.

Volgens Wright is die Bybel baie meer gefokus op:

- Hoe leef jy nou?
- Hoe word jy die tipe mens wat Jesus wil hê jy moet wees?

> God stel belang in wie jy is. Jou karakter is vir Hom belangrik!

**Lees saam:**

- Kolossense 3:5–13
- Galasiërs 5:22–25

**<u>BESPREKING:</u>**

**<u>Identiteit en karakter</u>**

<u>Volgens Kolossense 3:</u>

- Hoekom begin Paulus eers by identiteit voordat hy oor gedrag praat?
- Hoekom is dit belangrik dat karakter uit wie ons is vloei?

**<u>Ou klere vs nuwe klere</u>**

Lees weer Kolossense 3:5–10 en 3:12–13.

Wat is volgens Paulus:

- **Ou klere (vices) wat ons moet "uittrek"?**
- **Nuwe klere (virtues) wat ons moet "aantrek"?**

<u>Praat oor:</u>

- Hoekom kom die ou klere so natuurlik?
- Hoekom verg die nuwe klere oefening?

Karakter vorm deur gewoontes.
In die preek is gesê:

**Karakter = jy is wat jy herhaaldelik doen**




- Watter gewoontes vorm tans jou karakter?
- Is daar gewoontes wat jou nader aan Christus bring?
- Is daar gewoontes wat jou wegtrek?
- As jy kyk na die “chart” - watter deel van wat jou karakter vorm kort aandag?
  - jou oortuigings (wat jy glo van God en jouself)
  - jou waardes (of selfs waarde in God)
  - of hoe jy dit uitleef as dit kom by gedrag?

Al drie hierdie goed moet ewe duidelik en sterk in jou lewe wees om te verseker dat jy iemand is wat leef met sterk karakter.

**Die manier om karakter te toets: Vrug van die Gees**

Lees **Galasiërs 5:22–25.**

Watter van hierdie vrug
- kom vir jou natuurlik?
- is vir jou die moeilikste?
- Hoekom dink jy so?

- Ons het in die diens die voorbeeld van ’n **vrugteboom** teenoor ’n **kersfeesboom** gebruik.

As jy net sekere gedrag na-aap wat “christelik” lyk kan dit lyk of jy vir die Jesus-aksie ja gesê het - maar wanneer dit getoets word is daar nie lewende geloof nie (soos ’n kersboom wat mooi versier is maar eintlik dood is).
Karakter is die vrug wat jy dra - dis wat mense by jou sien wat hul oortuig wie jy is en wat jy glo.

**Inlyn met ons reeks sal ons kan sê Karakter is die aksiepakkie wat jy dra om uit te beeld wie jy is.**

**Die groot vraag van die preek:**
**As mense na jou lewe kyk – kan hulle sien dat jy ’n Jesus-volger is?**

Praat eerlik oor hoe jou lewe lyk op elke plek waar jy leef:
- kampus
- koshuis
- sport / sosiale lewe
- vriende/familie

Wat sou mense sê is die tema van jou lewe?

In Galasiërs 5:25 herinner Paulus ons dat karakter nie iets is wat ek kweek net uit goeie dissipline of met self-help bronne nie.
Hy sê:
*“Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.”*

- Hoe verander dit jou benadering om meer te word wie God sê jy is?

**PERSOONLIKE REFLEKSIE**
Laat almal vir ’n minuut stil dink oor hierdie vraag:

Watter een karaktereienskap wil God in my lewe vorm hierdie maand?

Voorbeelde:
- geduld
- selfbeheersing
- vriendelikheid

- nederigheid
- vergifnis

**PRAKTIESE UITDAGING**

Ons het gepraat van HABITS OF THE HEART
Dat sekere goed aanvanklik onnatuurlik voel maar hoe meer ek dit oefen hoe meer natuurlik gebeur dit (vb golf speel)

Jy wil die regte karaktereienskappe so inoefen dat jy in belangrike oomblikke gereed is om die regte besluite te neem.
**Om dit reg te kry moet jy sekere HABITS OF THE HEART inoefen.**

Om dit prakties te begin doen kan jy die week een karaktereienskap uit Galasiërs 5 kies en dit doelbewus doen.

Doen doelbewus 3 dinge:

- Let elke dag daarop.
- Bid elke oggend daaroor.
- Oefen dit doelbewus in jou verhoudings.

Julle kan ook as groep besluit op iets prakties wat jul buite jul *comfort zone* wil doen of iewers diensbaar is om saam van hierdie eienskappe te oefen.

**AFSLUITING**

Bid in klein groepe:

- dat die Heilige Gees ons karakter sal vorm
- dat ons lewens die tema van Jesus sal wys
- dat ons nie net geloof sal praat nie, maar leef!